OUTEURSNOTA

My verkorte CV

"Al lees niemand jou boek nie, skryf die storie klaar. Jy't nie nodig om aan bande gelê te word nie."
Frans Marx

Eintlik weet ek nie wat ek wou skryf nie en of dit nou 'n biografie of net herinneringe uit my verlede is nie. Sien dit as 'n retrospektiewe joernaal waarvoor ek nie vantevore die tyd of die perspektief gehad het om dit op te skryf nie.

Soos baie ander pa's, het ek seker maar stories vertel wat met hulle gebeur het op skool, op universiteit, in die koshuis, in die Vloot en in die hospitaal. Dit was meestal maar oor dié gebeurtenisse wat vir my humoristies was en vir een of ander rede 'n indruk op my gemaak het en ek dit onthou het . Partymaal het my kinders (veral in hulle tienerjare) my stil gemaak en gesê hulle hét dit al gehoor ! Ek dink Johanna het toe gesê ek moet dit liewer eendag maar neerskryf ! Miskien sal hulle dit dan later lees !

Ek het in 2009 die vyf-en-veertigste reünie bygewoon weens die aanmoediging van my ou skoolmaat, Stephan Moodie, wie my ook genooi het om by hom tuis te gaan. 'n Jaar daarna is hy skielik oorlede. Ek het ook die vyftigjarige reünie in 2013 bygewoon en by Pieter Gonin, met wie ek van Graad 1 tot matriek in dieselfde skole was, tuisgegaan.. Die weersien van ook ander klasmaats, wat ek vir baie jare nie gesien het nie, was vir my nostalgies en ek het die reünie baie geniet. Dit was asof ek weer verlang het na tye in my verlede, toe ek op skool was ! Alhoewel ek besef het dat ek nie die lewe kon terugdraai nie, het dit by my 'n hunkering laat ontstaan om ook ander persone wat ek in daardie tyd geken het, weer te kon sien. Ek was toe 67 jaar oud en alhoewel ek steeds gewerk het, het Stephan se dood in 2009 my laat besef dat ons in daardie fase van ons lewe is waar ons nie meer vanselfsprekend kon aanvaar dat ons mekaar met die volgende reünie weer sou sien nie ! As ek weer iemand van daardie tyd wou sien, sou ek iets daaromtrent moes doen. Op ons vyf-en-vyftigste matriek reünie naweek het ek toe wel die voorreg gehad om dié persoon, wat ek ook so graag weer wou sien, weer te kon ontmoet !

Soos'n mens ouer word begin jy weer nadink wat in jou lewe gebeur het. Ek het, veral saans wanneer ek ontspan het, op baie gedagte reise in die verlede begin gaan en het ook begin om notas daarvan op stukkies papier te maak en in 'n lêer te plaas. Later het ek hierdie notas begin orden en klassifiseer. Temas het ontwikkel waaroor ek wou skryf. Dit het die afgelope vyf jaar so aangegaan en dit het uitgeloop op dit wat jy nou kan lees. As jy wil !

In die eerste hoofstukke vertel ek van my herkoms en van my kinder- en jeugjare. Die lewe was hoofsaaklik sorgvry en 'n lied !

Daarna volg my opleidings jare, wat my moes voorberei vir die lewe wat voorlê.

Dan vertel ek oor my loopbaan-en middeljare en die uitdagings wat dit gebied het. My storm-en-drang-en-donker jare en tussendeur my gesinsjare, maar ook my berustingsjare. Op daardie stadium van my lewe het alles nie uitgewerk soos ék dit beplan het nie ! Die Here het egter ander planne vir my gehad, alhoewel ek dit toe nie mooi verstaan het nie !

Daarna volg nuwe avonture in die Suid Kaap en later my uittredings jare, nadat die lewe ander paaie met my geloop het wat ek verwag het ! Nadat die insig gekom het dat daar ‘n hoër Hand is wat beter geweet het wat goed vir my sou wees ! Dit is my terugkyk jare !

Ek besef dat hierdie retrospektiewe joernaal waarskynlik ‘n baie beperkte leserskring sal hê want ek het dit eintlik maar vir myself, my kinders en my kleinkinders geskryf. Ek besef daar is baie persone wat dit of nie sal verstaan nie of nie daarmee kan assosieer nie! Maar ek het ’n vermoede dat diep binne elkeen, daar dalk meer is wat dit wel sal verstaan en daarmee sal kan identifiseer ! Ek sien dit bloot as 'n private stuk werk wat ek vir myself wou doen !

Omdat ek dit op my webwerf publiseer, beland dit egter t in die publieke domein en kan ander belangstellendes dit ook lees. Ek besef ook dat elkeen wat dit lees, nie noodwendig dieselfde verwysingsraamwerk of belangstelling sal hê oor al mý stories wat ek te vertel het nie en ook nie al die mense wat deel daarvan was en nog steeds is nie, sal ken nie. Ek het baie mense op verskillende stadia van my lewe leer ken en elkeen sal seker net met dié relevante hoofstukke oor dié deel van my lewe, waarmee hulle dalk saam met my gestap het, kan identifiseer ! Ek verwag nie dat almal noodwendig alles wat ek geskryf het, sal wil lees nie ! Dit is wat met my in mý lewe gebeur het. Dit is ook duidelik dat my lewe, vóór my kinders en kleinkinders se geboortes, in ‘n ander era was. Dit is kosbare herinneringe vir my wat ek graag wou dokumenteer !

Ek sou ook graag vandag weer met die enigste oupa wat ek geken het, en my pa en ma wou gesels oor dinge wat gebeur het toe ek ‘n kind en ‘n jongmens was. As jy ‘n kind en jongmens is, leef jy in ‘n mate in jou eie wêreld en let jy nie so goed op oor dinge van jou gesin en vriende wat om jou gebeur nie en is dit, op daardie stadium van jou lewe dalk ook nie vir jou so belangrik nie. As jy ouer word en later weer in daardie tye begin belangstel, is hulle wat jy daaroor wil uitvra, nie meer daar nie ! Miskien sal hierdie herinneringe van my tog eendag antwoorde gee aan een of meer van my kinders of kleinkinders se vrae, wat hulle mag hê, wanneer ek ook nie meer daar is nie !

Hierdie herinneringe wat ek neergeskryf het is hoofsaaklik ’n solo poging. Ek het nie die luuksheid gehad van 'n taalkundige versorger of ‘n eindredakteur nie. Ten spyte van herhaaldelike proeflesery, ’n skandering met ’n Afrikaanse woord spelprogram (WSpel), is daar waarskynlik nog foute in die teks. Daarvoor neem ek verantwoordelikheid. Indien jý tik-, spel- of grammatika foute met die lees hiervan raaksien, kan jy my gerus laat weet by pedw@boompies.com Meld asseblief die naam van die hoofstuk, die bladsynommer, hoeveelste paragraaf dit van bo af is en die woord of grammatikafout en ek sal dit graag wil korrigeer.

Elke persoon doen seker maar ‘n ding op sy eie manier en omdat dit vir mý lekker is om gereeld, soos dinge my byval of daarop attent gemaak word, dit daar en dan te kan bywerk, publiseer ek my joernale in hierdie elektroniese formaat op my webwerf ,wat ek kan verander en op datum hou.

Daar was tye wanneer ek gewonder het waarom ek die moeite doen om dit alles te wil neerskryf. Tog is ek elke keer weer genoop om my herinneringe verder te orden en neer te skryf. Ek wás en ís nie ’n outeur nie, maar verstaan dalk nou so iets van wat húlle dring om te skryf ! Ek het met hierdie oefening ‘n groot respek gekry vir enige iemand wat ‘n boek skryf ! Maak nie saak hoeveel hulp hy of sy het nie. Dit is harde werk en neem baie ure !

Ek maak nie gebruik van verwysings of voetnotas nie, want dit is maar net dinge wat ek onthou het. Hier en daar het ek bronne op die internet (soos Wikipedia) gebruik om ‘n paar feite te verifieer, wat ek dan as korrek aanvaar het.

In ‘n paar hoofstukke gee ek skakels na videos of musiek wat my teruggevoer het na dít waaroor ek geskryf het, op YouTube! Hier en daar kan YouTube van dié videos of musiek dalk verwyder het, so as dit nie werk nie, vra ek om verskoning. Indien jy klaar daarna geluister het (of moeg word om daarna te luister !), raak of klik op die ← (terug pyltjie) op jou tablet, of die ← (terug pyltjie) links bo in jou bladleser (browser) van YouTube op jou rekenaar en dit behoort jou terug te bring na die hoofstuk en plek waar jy laas gelees het.

Ek het probeer om die hoofstukke in die inhoudsopgawe so kronologies moontlik te lys Om die konteks te volg waarin ek die boek geskryf het, moet jy liefs die hoofstukke waarin jy belangstel, lees in die volgorde soos dit in die INHOUDSOPGAWE gelys word. Op die oomblik voeg ek steeds dinge by soos dit my byval of uit gesprekke onder my aandag kom en dan maak ek aanpassings. Daarom het ek elke hoofstuk se bladsye apart vanaf bladsy 1 tot aan die einde van elke hoofstuk genommer.

Na Johanna se koekepan ongeluk in 2010, skryf sy in háár joernaal oor my: “Ek dank God wie jy is en dat ek deel van Sy plan vir jou kan wees, want vir alles is daar ‘n seisoen, ‘n tyd en doel in ons lewens” Ek het eers baie jare later in 2018 daarvan kennis geneem en haar woorde baie waardeer. Ek dank ook God vir haar in mý lewe !

Miskien wou ek maar net in die verskillende fases van my lewe net graag die sinkplaatpaaie van die lewe vir ander gladder maak en ek hoop dat ek hier en daar dalk in iemand se lewe ‘n verskil gemaak het!

Ek kan nie verwag dat Johanna en my kinders enige begrip van my emosionele bande en nostalgiese gevoelens van my lewe, vóór hulle deel van my lewe was, kan hê nie ! Maar ek sal hulle graag wou neem na daardie wêreld wat ek as kind en jongmens beleef het, vóór hulle deel van my lewe geword het.

Die heel belangrikste rede hoekom ek egter hierdie dinge wou neerskryf, is omdat ek *wóú* en nog *kón* !

Pierre de Wet

Reebok

Februarie 2019

Terug na Inhoudsopgawe